e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

23 Oktober 2014
Jaargang 7 – Uitgawe 36

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en werkruimtes
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Die kerk as organisme

Julle is die liggaam van Christus, en afsonderlik is elkeen 'n lid daarvan. **(1 Korintiërs 12: 27)**

Die beeld van die kerk as liggaam van Christus (kyk Rom 12: 1-8, 1 Kor 12: 12-31 en Ef 1: 23) kan ons dalk iets laat begryp van die dinamiese aard en bedoeling van kerkwees. Ongelukkig het ons as gevolg van ons Westers-rasionalistiese paradigma dalk die Kerk begin verstaan as meganisme, in plaas van as lewende organisme.

'n Meganisme kan beweeg en selfs funksies vervul, ons sal dan sê *dit werk*, maar dit bly intrinsiek 'n dooie objek. Selfs die mees ingewikkelde meganisme (rekenaar of robot) wat die mens vandag kan ontwikkel, bevat nie die organiese eienskap van lewe nie.

Ons kan die praktyk van kerkwees ook reduseer tot meganisme, dan word die lidmate "ratte" in 'n groot "masjien" en elkeen vervul 'n kille ritueel of funksie. Alles lyk of dit goed "werk", maar die hartseer realiteit is dat elke ratjie onnadenkend om sy eie as draai.

Alhoewel baie aspekte van 'n liggaam fisiologies soos 'n masjien kan funksioneer, is 'n liggaam kwalitatief anders as 'n blote masjien. 'n Liggaam is 'n lewende organisme. Elke orgaan en liggaamsdeel bevat die intrinsieke eienskap dat dit lewe. Word 'n liggaamsdeel van die liggaam geskei, gaan dit dood. Die liggaamsdele moet dus 'n eenheid vorm ten einde te kan bestaan. Die liggaamsdele word beheer deur 'n organiese, fisiologiese, chemiese en elektriese konneksie met die brein. Die liggaamsdele bevat energie en reageer op die impulse vanaf die brein, die brein reageer ook op impulse vanaf die verskillende liggaamsdele, so bestaan die liggaam in dinamiese netwerk van relasies met die brein, die ander liggaamsdele en die omgewing.

As Christus dan die Hoof van die liggaam, sy kerk is, behoort die kerk ook anders te wees as 'n blote masjien. Elke lidmaat behoort intrinsiek die eienskap van ware lewe te vertoon. Lidmate behoort aan die Hoof (Christus) en aan mekaar verbind te wees, sodat die lewensenergie van God se Heilige Gees (asem) en liefde deur die hele liggaam kan vloei en die liggaam geestelik (met verstand), emosioneel (met hart) en fisies (met krag) kan reageer op die impulse van die wêreldse nood en God se genade.

Die lidmate se oë word dan die liggaam van Christus se oë, wat die pyn in die wêreld raaksien. Die lidmate se ore word die liggaam van Christus se ore wat die noodkrete hoor. Die lidmate se hande word die liggaam van Christus se hande wat uitreik, vertroos en help.

Wanneer 'n liggaamsdeel siek is, kan dit nie reageer op die impulse van die brein nie, dit kan ook nie die impulse vanuit die omgewing weergee nie. Dan is daardie liggaamsdeel doof of blind of lam.

Dalk het ons Kerk weer die genesende krag van God nodig?

Mag die lewensasem van God deur elke lidmaat vloei!

Mag die voedsel van die Woord en die lewende water van die Heilige Gees ons versterk!

Mag ons weer waarlik die liggaam van Christus in die wêreld wees!

Dr Stephan Hoffman
Bybelgenootskap van Suid-Afrika

(Eerskomende Sondag, 26 Oktober, se deurkollektes is vir die Bybelgenootskap geoormerk.)

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na **karen@nhk.co.za**

BEROEPE EN WERKRUIMTES

Beroep ontvang

Prop Sanet
van der Walt

- **Prop S (Sanet) van der Walt** (beroepafwagtend) na Ogies (besondere opdrag)

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- Ons innige simpatie gaan aan **ds Etienne Verhage** van Bellville, wie **se moeder** vanoggend (23 Oktober) in die Durbanville Medikliniek gesterf het. Sy het verlede Vrydag ’n beroerte-aanval gehad.

- Emerituspredikant dr Christo en mev Kotie Viljoen, tans lidmate van Gemeente Bronkhorstspruit, se seun, **Chris Viljoen**, is Saterdag 18 Oktober oorlede. Hy was ’n prokureur. Sy begrafnisdiens vind plaas op Donderdag 23 Oktober om 11:00 vanuit Gemeente Pierneef, 29ste Laan, Pretoria. Ons innige simpatie gaan aan dr Viljoen en al die familie.

- **Oudl Dries Pretorius**, skriba van Gemeente Heilbron, is Sondag 19 Oktober oorlede. Hy het vier weke gelede ’n beroerte-aanval gehad, waarna hy in ’n koma in die hospitaal was. Die roudiens word op Donderdag 23 Oktober in die kerkgebou van die gemeente gehou deur ds Nico Brayshaw. Die gemeentelike kontaknommers is tans 058 852 3950 en 082 922 2401. Ons innige meegevoel gaan aan die gemeente en aan oudl Pretorius se naasbestaandes.

- **Ds Anneline Geyer se ongebore baba** is verlede week op 5 maande oorlede. Ons bid ds Geyer en haar man, Marius, troos en berusting toe.

- **Aksiegroep vir Bejaardes.** Statisties styg die gemiddelde lewensverwagting stelselmatig. Jou kans om 100 jaar oud te word, verbeter dramaties as jy 50 jaar bereik sonder om aan die een of ander siekte, geweld of in ’n ongeluk te sterf. Min mense maak vir so ’n lang lewe voorsiening. Daarom kry talle bejaardes finansieel baie swaar. Vanweë hul eerbaarheid en trots sal hulle dit nooit oorvertel nie. Wees daarom bedagsaam en behulpsaam. Lééf jou barmhartigheid! Vir meer inligting, kontak jou diaken of die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.

- **NHSV beurse en lenings vir 2015.** Die NHSV beskik oor beurse/lenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die lenings/beurse wissel van R3 000 tot R8 000. Aansoekvorms kan afgelaai word van **www.nhsv.org.za**, onder NHSV kantoor, pro forma-dokumente. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **15 November 2014**.

- **Vakante pos: Redakteur vir ADV-publikasies.** Die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering benodig die dienste van ’n redakteur vir die ADV se maandelikse bylaag in *Konteks*, *’n Stukkie Brood*. Die redakteur sal ook verantwoordelik wees vir die ADV se elektroniese maandblad, *Omgee-in-Aksie*, sowel as vir plasings in die *e-Hervormer* namens die ADV. Daar is ’n onderhandelbare vergoeding aan die dienste verbonde. Rig aansoeke aan die sekretaris van die ADV, by **gerhard@diakens.co.za**.

- **Opnames: HTK. Gesprekke met die Bybel en openbare lesings.** Die volgende opnames is op DVD beskikbaar en kan bestel word van Sonet Esterhuizen by **diens@diakens.co.za**:
  - *Fatherless in Galilee*, prof Andries van Aarde, 13 Maart 2013.
  - Skrifbeskouing, dr Wouter van Wyk, 12 Junie 2013.
  - Die resente geskiedenis van die NHKA, dr Wim Dreyer, 7 Augustus 2013.

- Bybel en Gees, prof Andries van Aarde, 5 Maart 2014.
- Het die Kerk historiese-Jesus-navorsing nodig? 16 April 2014.
- Hemel en hel, dr Ananda Geyser-Fouché, 21 Mei 2014.
- Redding en verlossing, dr Tanya van Wyk, 11 Junie 2014.
- Seksuele etiek en seksualiteit, prof Yolanda Dreyer, 6 Augustus 2014.
- Homoseksualiteit, prof Piet Geyser, 3 September 2014.
- Ons verstaan en gebruik van die begrippe *geloof*, *kleingeloof* en *ongeloof*, dr Annelie Botha, 15 Oktober 2014.
- VTT 2013, Geloofsonderskeiding, 4 en 5 Junie 2013 (stel van 4 DVD's).

Die koste beloop R20 per DVD, wat posgeld insluit (indien die Poskantoorstaking sou ophou). Andersins kan die DVD's by die ADV-kantoor by die Sinodale Kerkkantoor afgehaal word, of daar kan gereël word dat dit op 'n ander manier versend word.

- Gemeentes word vriendelik daaraan herinner dat die huidige boekjaar van die **Bybelgenootskap** (BSA) op 31 Oktober sluit. Bydraes aan die Bybelgenootskap moet asseblief **teen Vrydag 24 Oktober** oorbetaal word om te verseker dat dit betyds ontvang word. **Die deurkollektes van Hervormingsondag 2014 (26 Oktober) moet asseblief eers in November oorbetaal word** as die eerste bydraes vir die 2015-boekjaar. **Alle gemeentes in die RSA** word daaraan herinner dat bydraes direk oorbetaal moet word aan die Kempton Park Administratiewe Sentrum en nie aan enige ander Streekkantoor van die BSA of die ring of die Raad van Finansies nie. Gemeentes moet hul donateursnommer (soos dit in die gereelde bydraestate verskyn) as verwysing gebruik. Die mees resente state is reeds 'n geruime tyd gelede gepos maar ook onlangs per e-pos aan alle gemeentes gestuur weens die posstaking. Mev Anne-Marié Nortjé kan ook gedurende kantoorure (08:00-16:00) by 011 970 4010 geskakel word vir donateursnommers of bydraesaldo's. Die BSA se bankbesonderhede is soos volg: Bybelgenootskap van Suid-Afrika, ABSA Kempton Park, takkode 632 005, rekeningnommer 260 220 748. Bevestig asseblief alle inbetalings per faks (011 970 2506) of e-pos aan **nortje@biblesociety.co.za**. Die **bydraemikpunt** is **R40** per belydende lidmaat.

- **Ring van Roodepoort: Organiseerder Evangelisasiewerk.** Die ring wag aansoeke in vir 'n evangelisasiepos teen onderhandelde vergoeding. Die suksesvolle kandidaat sal 'n teologies gegradueerde wees met 'n belangstelling in evangelisasie. 'n Nagraadse kwalifikasie in evangelisasie sal 'n aanbeveling wees. Hy/sy sal in samewerking met evangelisasiekomitees in die gemeentes van die ring van Roodepoort evangelisasie-inisiatiewe beplan en lei. Die aanstelling sal vir 'n sekere tydperk wees en sal dan geëvalueer word in terme van die daadwerklike groei wat in die gemeentes plaasgevind het. Belangstellendes kan 'n kort en toepaslike CV stuur aan die voorsitter van die ring, ds Kobus Pienaar, by **ajpienaar1@gmail.com**.

- **Kerkspesifieke lessenaarkalender vir 2015. In kleure volgens die Kerkjaar. R30 per kalender.** Ons bied vanjaar weer 'n Kerkspesifieke lessenaarkalender aan. Die Kerkjaarbesonderhede word elke maand aangedui. Sinodale vergaderings word aangedui – daar is egter steeds genoeg ruimte by elke dag om eie afsprake in te skryf! Kontakbesonderhede van die sinodale instansies verskyn op elke bladsy. Elke maand word inligting oor 'n ander instansie van die Kerk op die betrokke bladsy aangebring – om byvoorbeeld saam te val met Mediasondag (SENTIK) of die NHSV by die maand waarin die NHSV se deurkollektes aan die beurt kom. Die formaat is A2 (4 x A4's), aan die bokant gegom, sodat dit plat op 'n lessenaar kan lê. Hierdie kalender was vanjaar baie gewild en die aanvraag vir 2015 het reeds begin. Plaas dus u bestelling so gou moontlik by **algemeen@nhk.co.za**. Ons sal so gou dit moontlik is, in hierdie ruimte laat weet wanneer die kalenders gereed sal wees. Die kalenders kan afgehaal word by die Sinodale Kerkkantoor, Jeff Masemolastraat 224, Pretoria.

- **Kerklike publikasies.** Die November 2014-uitgawe van *Die Hervormer* en die November/Desember 2014-uitgawe van *Konteks* is nou beskikbaar. Lees in ***Die***

Hervormer onder meer hoe ’n narratiewe oordrag van die evangelie die Woord vir lidmate kan ontsluit; hoe ’n gelowige hedendaagse gebeure in die Parlement moet beoordeel; en waar die VONKK- en Flam-liedere vandaan kom. Lees in ***Konteks*** onder meer oor die geestelike boodskap wat bome kan oordra; die ontstaan en huidige uitreike van die Van der Hoff Teologiese Vereniging; en die geskiedenis en aktiwiteite van die gemeentes in die ring van Klerksdorp.

- Indien SENTIK nie nuwe gemeentelike **bestellings vir die kerklike publikasies** ontvang nie, sal gemeentes in 2015 dieselfde hoeveelhede ontvang as die afgelope jaar. Kontak mev Susann van Zyl **dringend** by **sentik@nhk.co.za**, tel 012 322 8885 x291 of faks 086 633 4054 om bestellings te bevestig. Die **pryse** van die publikasies in 2015 is soos volg:
  - ***Konteks*****:** R185 vir 10 uitgawes (R25 + posgeld per individuele uitgawe as u nie inteken nie)
  - ***Almanak/Bybelse Dagboek***: R140 (+ R35 posgeld as u die publikasie nie by u gemeente ontvang nie)
  - ***Die Hervormer***: Individuele intekenaars R110 vir 11 uitgawes (R15 per individuele uitgawe as u nie inteken nie)

  Deur kerkrade se tradisionele intekening op ’n aantal gedrukte eksemplare van *Die Hervormer* te omskep in ’n jaarlikse bydrae tot kerklike kommunikasie, sal dit moontlik wees om van Januarie 2015 af *Die Hervormer* in gedrukte formaat én elektronies uit te gee. In die meeste gevalle sal dit vir die gemeente ’n besparing meebring, terwyl dit meer lidmate die geleentheid sal gee om *Die Hervormer* te lees waar en wanneer dit hulle pas. Dit hou ook die voordeel in dat lidmate wat *Die Hervormer* elektronies lees, nou onder elke berig kommentaar kan lewer.

- Die vraelyste vir deelnemers aan die **Jeugnavorsingsprojek** waaraan die Hervormde Kerk saam met ander kerke deelneem, is in die afgelope week per e-pos aan die geselekteerde deelnemers gestuur. Indien die deelnemers enige tegniese probleme ondervind om die vraelys in te vul, kan hulle gerus hul navraag rig aan **YouthSurvey@be.up.ac.za.** Baie dankie aan al die gemeentes en jongmense wat die kerk help om die menings en behoeftes van jong lidmate beter te verstaan.

Allegaartjie

Partykeer voel ek lus om God te vra hoekom Hy armoede, hongersnood en onreg toelaat wanneer Hy iets daaraan kan doen.

Wat keer jou?

Ek is bang God vra my dieselfde ding.
(Anoniem)

Spesiale erediens

- **Gemeente Magaliesmoot: 25-jaar-ampsjubileum van ds Mariët Robbertze**
  Sondag 9 November om 09:00
  Di David Barnard, Stephen de Beer en sr Anna van Zyl sal gelukwense oordra
  Ds Robbertze het in gemeentes Elandspoort, Wespark, Pretoria-Wes
  en Magaliesmoot gedien
  Navrae aan 012 376 4313 of **nhkmagmoot@gmail.com**

- **Gemeente Zuurfontein: 75-jaar-viering**
  Sondag 16 November om 10:30
  Erediens waargeneem deur dr Wim Dreyer
  Openbare belydenis van geloof waargeneem
  deur ds Hannes Janse van Rensburg

Groeteboodskappe van Kommissie van die AKV en ring van Zuurfontein
Bevestig teenwoordigheid voor 31 Oktober
082 927 3700 of **hannes@nhzuurfontein.org**

Gedig

Ek wil jou vir altyd neffens my hê,
hou my sos boegoe teen jou vas:
ek wil sosse ring om jou se vinger pas,
en sos grashout op jou se hart loop lê.

Die liefde het eentlikie dood se krag,
hy gryp jou wa jy niks vewag;
die liefde die soek okkie ytie,
vra nou nie wat jy self beslytie.

Die liefde brandsteek 'n annerlike vier,
en jy kannie hele waterse kom stier,
of goi ma Grootrivier yt op hy se kop,
môre sien jy, hie statie liefde self wee op!

Hans du Plessis
(Uit: *Boegoe vannie liefde* 2002)

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 31 Oktober, en word hartlik geluk gewens:**

o Saterdag 25 Oktober:	Ds CG (Chris) Liebenberg (Waterberg)
o Sondag 26 Oktober:	Di HSK (Hennie) Nel (Potgietersrus) en GSC (Skip) Scheepers (Middelburg)
o Maandag 27 Oktober:	Di KF (Kathleen) Smith (Kaapstad) en PM (Pieter) Smith (Witrivier)
o Dinsdag 28 Oktober:	Ds CEC (Colin) Hertzog (Middelburg-Noord)
o Donderdag 30 Oktober:	Dr AE (Anet) Dreyer-Krüger (Rustenburg-Suid), di WH (Wilhelm) Steyn (emeritus) en WF (Werner) Venter (Schoemansdal)
o Vrydag 31 Oktober:	Ds QJ (Quinten) Schimper (Piet Potgieter/ Roedtan)

Beplande vergaderings

o Donderdag 23 Oktober:	Redaksie van *Die Hervormer* Komitee vir Herskrywing van Kerkorde
o Vrydag 24 Oktober:	Raad van Finansies OSR Finkom
o Dinsdag 28 Oktober:	OSR Operasionele Komitee

Kursusse en toerusting

- **Voortgesette Teologiese Toerusting (VTT) in November 2014**
  Net op Dinsdag 4 November
  Tema: *Kerkwees in die tyd wat aangebreek het*
  By Gemeente Pretoria-Oos, koste R200 per persoon
  Kontak mev Betsie Brits by **betsie.brits@up.ac.za** / faks 012 420 4303) / tel 012 420 5393
  Registrasiefooi verkieslik vooraf elektronies of per bankdeposito
  Bank: ABSA

Naam van rekening: Kerkgeld vir Kerkwerk
Rekeningnommer: 020 149 752
Kode: 63 20 05
Verwysing: 2013K VTT gevolg deur naam van kursusganger
Predikante moet die dokument van dr Wim Dreyer – *Saam in diens: 'n Handleiding vir gemeentes wat in die voetspore van Jesus wil volg* – wat aan alle predikante gestuur is, vooraf bestudeer en saambring na die VTT. Die dokument kan aangevra word van mev Karen Breedt by **karen@nhk.co.za**.

Beskikbare behuising

- **Gemeente Bronkhorstspruit: Aftree-eenhede**
  De Oude Pastorie Trust Bronkhorstspruit
  Tweeslaapkamereenhede met stoep en toesluitmotorhuis word in die vooruitsig gestel onder die Wet op Behuisingontwikkelingskemas vir Afgetrede Persone (65 van 1988) op basis van lewensreg. Pryse vanaf R730 000 onderhewig aan eskalasie. Die eenheid sal reg teenoor die Hervormde kerkgebou (langs die ou pastorie) opgerig word en is binne loopafstand van 'n verskeidenheid besighede, dokters, apteke, oogkundiges, poskantoor, munisipale kantore, ensovoorts. Belangstellendes kan die gemeente gedurende kantoorure kontak by 013 932 2929 of 082 353 9752.

- **Behuising vir bejaardes**
  Louis Trichardt Monumenttehuis in Danville
  Enkel- en dubbelkamerinwoning vir bejaardes wat nog selfversorgend is
  Aangename huislike atmosfeer, 2 etes ingesluit by losies, billike tariewe
  Gereelde sosiale programme
  Vir meer inligting kontak mev Marie Hunter by 012 386 5310

- **Kamers vir selfversorgende bejaardes**
  Huis Tafelberger in Monte Vista, Kaapstad
  Navrae aan mev Anna Hanekom by 021 872 6301
  of ds Kathleen Smith by 021 551 5264

- **Behuising vir bejaarde egpare en enkellopendes in versorgingseenheid**
  Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis
  Parys, Vrystaat
  Navrae aan Alet Botha by 056 811 2185 / **AletB@otmt.org**

Sportbyeenkomste

- **Donderdag 30 Oktober: Gemeente Swartkop**
  Derde Prestigegholfdag
  Dienste Gholfbaan Tshwane
  4-bal beterbalslagspel (*4 Ball Better Ball Stableford*)
  Die funksie met Frik du Preez as speler en spreker die aand beloof om ’n **grootse geleentheid** te wees wat besondere waarde tot die gholfdag sal toevoeg! Die doelwit is om R100 000 in te samel vir **barmhartigheid** deur middel van borge, skenkings en spelers. Besprekings en betalings word deur die gemeentelike kerkkantoor hanteer. Kontak die kantoor by **nhswartkop@telkomsa.net** of telefonies by 012 654 3471 gedurende kantoorure (weekdae van 08:00 tot 13:00).

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Noordwestelike Pretoria**
  Wen ’n bakkie: Nissan Champ 1997-model
  Kaartjies R20 elk, boekie met 5 kaartjies R100
  10 of meer boekies word gratis afgelewer in Pretoria
  Trekking 25 Oktober
  Kontak Johanna Scholtz by 082 928 5592
  of Piet Dreckmeier by 072 443 8831

- **Midstream Familiekerk se Vroue-in-Aksie**
  Vrydag 7 November om 19:30: *99 Hits*
  Sluit musiek vir almal se smaak in
  Ten bate van **Van Rensburg-tehuis vir bejaardes**
  Barnyard Parkview (Pretoria)
  Kaartjies R170 per persoon
  Tafels van 10 persone beskikbaar vir groepe
  Bring eie verversings of bestel vooraf by die teater ’n pizza/eetgoed
  Kontak Carlien Pretorius by 082 9271501 of **carlien@wildfiggroup.com**
  vir besprekings en meer inligting

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Fondsinsamelings**
  - **Wen ’n skootrekenaar:** Samsung Notebook NP270E5E
    R10 per kaartjie
    Kontak Tobie by 083 327 1500 / **nhksasolsuid@gmail.com**
  - **Wen ’n versamelaarsmes**
    R50 per kaartjie
    Navrae aan **nhksasolsuid@gmail.com**
  - **Koop ’n motorfiets**: Kawasaki ZZR 1100
    Ongeveer 67 500 km, goeie toestand
    R22 000 onderhandelbaar
    Vir fondsinsameling vir gemeente
    Kontak Freddie by 083 436 1402

Basaars en markte

- **Saterdag 25 Oktober 09:00-17:00: Gemeente Kempton Park-Oos**
  Kontreifees met kunstenaars Willem Botha en Monique
  Verskeie uitstallers (daar is nog plek vir uitstallers)
  Kosstalletjies en vermaak vir kinders
  Toegang: R50 per volwassene, R25 per laerskoolkind, voorskool gratis
  Navrae aan ds Anneline Geyer by 082 924 7344 / **anneline@kpo.co.za**

- **Saterdag 25 Oktober vanaf 09:00: Gemeente Noordwestelike Pretoria**
  Jaarlikse Varkmark
  Pap-en-kaiings, ribbetjies-en-aartappels, *jaffles*, kerrie-en-rys, pannekoek
  Vetkoek-en-maalvleis, varkvleisprodukte, koek, poeding en meer
  Kontak Johanna Scholtz by 082 928 5592

- **Saterdag 1 November 08:00 tot 16:00**
  Gemeente Schoemansdal (Hartbeespoort): Kersmark
  Tafels beskikbaar teen R100 elk – geen verdere koste nie
  Kontak gemeentelike kerkkantoor by 012 235 0146

- **Saterdag 8 November vanaf 10:00: Gemeente Benoryn in Benoni**
  Fees: *Kokkenoni!*
  By die kerk langs Linmed-hospitaal, hv De Mist- en Strubenstraat, Rynfield
  Al die tipiese basaarkosse, met splinternuwe kinkels!
  Speelpark met waterglybane en ponieritte vir die kinders
  Oulikegesiggiekompetisie: Stuur goeie A5-foto's na **dsmarlize@gmail.com**
  R50 per inskrywing, heerlike pryse op die spel
  Kontak ds Marlize Gasson by 072 117 0317 of e-posadres hierbo

ANDER NUUS

- ***Songs of Praise* met Richard Cock in Bloemfontein** word aangebied op **Saterdag 25 Oktober** om 18:30 by die NG Kerk in Langenhovenpark, hv Boerneef- en Etienne le Rouxstraat. Die Nuwe Testament en Psalms: 'n Direkte Vertaling sal ook tydens die geleentheid bemark word. Kaartjies kos R80. Skakel Gerrie van Dyk by 051 444 5980 of 083 448 2127 vir kaartjies of meer inligting.

- Die **Bloemfontein *Bible Run*** word op **Sondag 26 Oktober** gehou. Ryers sal om 08:30 by die Bikers Church in Bloemfontein bymekaarkom vir 'n spesiale diens, waarna hulle die pad vat na Maselspoort. Diegene wat saamry, het 'n keuse van teer- of grondpad. Vir meer inligting, kontak Gerrie van Dyk by 083 448 2127 of Wimpie Burger by 083 456 6075.

- **Kos-, wyn- en aarbeifees ten bate van Marthie de Bruyn-sentrum**
  (Skool vir kinders met spesiale onderwysbehoeftes)
  1 en 2 November 09:00-16:00
  Toegang R100 volwassenes, kinders onder 18 gratis
  Lakelands-aarbeiplaas, Plot 23, Tiegerpoort, Pretoria-Oos
  Navrae by 072 942 5111 / 083 664 9561
  admin@lakelands.co.za

- **Lewende Bybelse Hebreeus in 'n week!** Die Skool vir Antieke Taal- en Teksstudie aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, bied 'n werkswinkel aan vir enigiemand wat **basiese Bybelse Hebreeus** wil aanleer of net hul vaardighede wil opknap. Hierdie werkswinkel is die eerste in sy soort in Suid-Afrika waar die Lewendetaalbenadering in die aanleer van Bybelse Hebreeus gebruik word. Dié benadering maak dit moontlik om 'n antieke taal op 'n natuurlike manier en sonder die memorisering van grammatikale verbuigings en lang woordelyste aan te leer. Die tegniek word suksesvol in Amerika en Israel gebruik om beginners sowel as fasiliteerders se Bybels-Hebreeuse taalvaardigheid te ontwikkel en te verbeter. Dit bied ook die geleentheid vir Bybels-Hebreeuse fasiliteerders om waar te neem hoe hierdie nuwe taalaanleerbenadering in hul eie fasilitering van Bybelse Hebreeus geïmplementeer kan word.
  Instrukteurs: Liza en Jaco Lemmer
  Datum: 24-28 November
  Tyd: 08:00-16:30
  Koste: R1 500 per persoon (middagetes ingesluit).
  Navrae: Erika Meyer by **Erika.Meyer@nwu.ac.za** / 018 299 4082

AGTERBLAD

Gebed vir die week

Ons dank U hartlik, o Here,
vir die rus van die afgelope nag
en vir die gawe van 'n nuwe dag
propvol moontlikhede
om U te behaag.
Gee dat ons die ure
so sal opgebruik
in die volmaakte bevryding
wat diens aan U bring
dat, teen sonsondergang,
ons weer dank kan bring
aan Jesus Christus, ons Here.

(Dagbreekgebed van die Oosterse Kerk)

Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx